
# S.A. POLISIE EN SWERWER-SPEUR-DER REEKS

No. 13.
Een uur
vir Satan



braam le roux

Met 'n hart wat 'n paar kloppe mis, beweeg Kobus by die deur in en 'n oomblik later bevind hy hom in 'n donker vertrek. Hy kan sy hand nie hier voor sy oë sien nie. Dit is of die duisternis soos 'n dik vloeistof om hom vaskleef. Kobus begin soek na 'n vuurhoutjie en dan skielik weerklink 'n dreigende gegrom uit die duisternis. Dit is 'n woedende geknor en Kobus dink dadelik om die hond wat so luidkeels geblaf het. Dit gaan vir Kobus of daardie geknor van 'n tamaai hond afkomstig is. Kobus neem een tree agteruit. As dit een van daardie groot Deense reuse is, staan Kobus net reg vir 'n stormloop en die goed vang gewoonlik na die keel.

# S.A. POLISIE EN SWERWER- SPEUR-DER REEKS

## No. 13. Een uur vir Satan



braam le roux

## INHOUD

Hoofstuk Bladsy


1. Kabbelende Waters ................................ 3

2. Man in die Skaduwees ................................ 22

3. Uur van Wanhoop ................................ 42

4. Die Donker Huis ................................ 62

5. Myn in die Berge ................................ 82


PALM BOOK EXCHANGE and HOME CRAFT 14 PALM AVENUE KEMPTON PARK

Hoofstuk 1

# KABBELENDE WATERS

Die telefoon in die studeerkamer lui skril. Hantie Hildebrand spring vinnig van haar stoel in die sitkamer op en haas haar na die vertrek waar die telefoon nog steeds dringend raas. 'n Oomblik gelede het sy haar vader in die tuin sien rondloop. Daar is dus niemand wat die telefoon kan beantwoord nie.

Sy ruk die gehoorstuk vinnig omhoog en plaas dit op haar oor.

,,Hallo daar!'' roep sy.

Sy herken dadelik die stem en loer vinnig om na die deur. Sy sou nie graag wil sien dat haar vader nou hier op haar afkom nie, nie as sy met hom praat nie, met At Wagner nie. Haar vader, prof. Sias Hildebrand, hou nou eenmaal nie van At nie. Maar sy hou van At, al kyk hy te diep in die bottel en al skryf hy alewig soetsappige versies.

At stuur 'n stortvloed van woorde oor die instrument.

,,Stadig. . . stadig, At. Laat ek tog net die studeerkamerdeur toemaak. Pappie is in die buurt.''

Sy sit die spreekbuis haastig op die lessenaar neer en hardloop ligvoets tot in die sitkamer, ruk die gordyne opsy en staar op die tuin uit. Prof. Hildebrand is steeds besig om die roosbome te besigtig. Sy trippel terug en sê uitasem:

,,Praat maar, At, en moet in hemelsnaam nie so hard en gejaagd praat nie. Ek is nie doof nie. Jy klink altyd ontsteld as jy praat.''

,,Ek is ontsteld! Ek moet jou onmiddellik sien!''

,,Dit is onmoontlik, At. Pappie is hier en ek moet hom nou-nou universiteit toe neem.''

,,Maar jy moet kom. Dit is 'n kwessie van lewe of dood. Ek gaan weg, Hantie. Ek verlaat die universiteit. Ek het 'n pos by die Radiokorporasie in Lourenco Marques raakgeloop.''

,,Jy gaan weg! Sommer so holderstebolder, At?''

,,Ek moet die kans met albei hande aangryp, Hantie. Ek sou daar na jou toe gekom het, maar jy weet hoe jou vader teen my is. Die professor haat my eenvoudig en jy weet dat hy my die huis belet het. Jy moet my kom sien. Ek sal jou nie lank ophou

nie."

Hantie loer deur die venster. Die sonstrale is vinnig besig om te verflou. Sy kyk op haar polshorlosie. Dit is reeds halfsewe.

,,Hoe laat wil jy my sien? Dit is alreeds byna donker."

,,By die hotel op pad na Vereeniging. Ek sal vir jou op die brug oor die Kliprivier wag."

,,Moet ek alleen soontoe ry? Dit sal al donker wees as ek terugkom, stikdonker. Dit is darem te veel gevra, At. Hoekom sien jy my nie êrens in die stad nie?"

,,Moenie snaaks wees nie, Hantie. Dit is heerlik hier. Jy kan 'n drankie saam met my nuttig. Dan wys ek jou die lieflike swembad en daarna gaan ek saam met jou terug en neem 'n huurmotor terug hierheen. Sorg dat jy nie later as agtuur hier is nie, Hantie. Tot siens, Skat. Moet my nie teleurstel nie."

Die voordeur gaan skielik oop, klap toe en 'n oomblik later staan prof. Sias Hildebrand in die deur. Sy lenige gestalte rus teen die deurkosyn. Vlammende staalblou oë is op sy dogter gerig. Sy staan nog met die gehoorstuk in haar hand en kyk selfbewus na hom. Sy grys bos hare is netjies agteroor gekam. Hy beweeg die kamer binne en sak in sy stoel agter sy lessenaar neer.

Dit is vir hom duidelik dat sy dogter nie op haar gemak is nie. Hy hoor 'n stem aan die ander kant wat aanhoudend ,,Hallo! Hallo!" roep. Hy druk sy dun lippe ferm teen mekaar. Hantie laat die gehoorstuk vinnig sak en gooi die instrument dan op sy hakkie terug.

Sy wil vinnig by die deur uitgaan, maar Sias Hildebrand roep haar terug.

,,Nie so haastig nie, Hantie. Ek wil met jou praat."

Halfpad na die deur toe steek sy vas en kyk hom vas in sy oë. Sy is so heeltemal anders as hy. 'n Skoon vel, goed versorg en bloesend. Pikswart hare wat in tipiese Aubrey Hepburn-styl kort geknip is. Dit pas haar ovaal gesiggie uitstekend. Haar bruin oë is groot en helder en fonkel met die lewenslus van die jeug. Sy is die ewebeeld van haar moeder wat jonk dood is, nog voordat sy die lewe behoorlik kon geniet.

,,Was dit weer 'n verbode telefoonoproep, Hantie?"

,,Hoe meen Pappie, verbode?"

,,Ek bedoel. . . was dit 'n oproep van iemand wat jou nie



mag bel nie, iemand wat ek die gasvryheid van my huis belet het."

Hantie kom haar senuweeagtigheid skielik te bowe. Sy is gewoond daaraan om haar menings teenoor haar vader te lug, hom presies te laat weet hoe sy voel. Sy was nog nooit bang om openlik met hom te praat nie.

,,Maar, Pappie, dit was onregverdig om hom die huis te belet. Hoekom mag ek hom nie bel nie? Ek hou van hom."

,,Praat net die waarheid, Hantie. Hy het jou gebel. Ek is vyftig, maar nog nie stokdoof nie."

,,Dis reg. . . Hy het my gebel."

,,En wat wou hy hê?" kom dit skerp maar nog steeds kalm van die professor.

,,Hemel, Vader, ek het darem so iets soos 'n private lewe! Moet ek nou in detail vir Pappie sê wat hy gesê het, net soos 'n kind?"

Prof. Sias Hildebrand glimlag net effens.

,,Jy is agttien jaar, Hantie, 'n senior student op universiteit, maar jy is nog my kind wat soms dwaashede kan begaan. En dit is dwaas van jou om 'n verhouding met At Wagner te hê. Ek ken nie sielkunde soos jy nie, my dogter, maar hy is nie jou maat nie."

,,Pappie is net teen hom omdat. . . omdat hy soms drink."

,,Luister na my, Hantie. Sit daar op die stoel."

,,Ek sal maar eerder staan, Pappie. Ek is haastig om aan te trek."

Hy besigtig haar vir lang oomblikke. Dan begin hy weer praat.

,,Ek is nie teen At omdat hy drink nie, maar ek hou nie van hom nie omdat hy suip. Hy drink nie soms nie. Hy drink elke dag. Hy is 'n ongebalanseerde mens met geen groot ambisie nie. Hy het in my laboratorium gewerk. Ek weet waarvan ek praat. Daar is 'n belangrike stukkie navorsing wat al lankal voltooi sou gewees het, was dit nie vir At Wagner nie. Mens kan nie peil trek op hom nie. Hy het my baie kere in die steek gelaat. Dit is asof hy nie besef het met watter belangrike projek ek in die laboratorium besig is nie. Hantie, jy kan nie sê dat ek jou 'n gebonde, onvrye lewe laat lei nie. Ek laat jou jou vriende self kies, maar hierdie een, hierdie At, is nie vir jou

bedoel nie. En soms het dit al vir my gelyk asof hy ernstig is met jou en jy met hom. Daar is niks wat my ongelukkiger maak as hierdie wete nie."

Hantie kyk weer by die venster uit. Dit word vinnig donker. Sy is haastig. Sy sal haar vader gou-gou by die universiteit aflaai en dan sal sy deursteek na die hotel toe. As At weggaan, sal dit tog die laaste keer wees dat sy hom sien. Dit. . . is miskien beter so.

,,Kan ek maar gaan aantrek, Pappie?"

,,Jy dink ek praat sommer, Hantie, maar verstaan nou mooi. Ek wil nie hê dat jy hierdie afspraak met At moet hou nie."

,,Wie sê ek het 'n afspraak met At?" vra sy vinnig en kyk weg toe haar vader se blik op haar val.

,,Ek weet daar is 'n afspraak. Ek kan twee en twee bymekaar tel. Verstaan jy mooi, Hantie? At sal jou die afgrond afsleur. Bly van hom af weg. Hy is jou nie werd nie."

Sy stryk oor haar hare.

,,Hy gaan weg, Vader. Hy wil my net groet. Vader weet dat hy nie hierheen mag kom nie."

,,Gaan hy regtig weg? Wat 'n blye tyding! Bel hom en sê dat ek sê dat hy jou hier kan kom spreek. Ek sal by die universiteit wees."

Hy staan op en gaan na buite. Sy hoor hoe dat hy sy slaapkamerdeur toeslaan.

Hantie besef dadelik dat dit veel beter sal wees as At na die huis wil kom. Hy het gesê dat hy by die hotel tussen Johannesburg en Vereeniging tuis is. Sy moet hom bel, hom vra om hierheen te kom. Sy aarsel 'n oomblik en hoor die sagte geneurie van haar vader in sy kamer. Hantie is geheg aan haar vader. Sy sal hom nie graag wil seer maak nie, maar sy hou so baie van At, al drink hy al is hy onewewigtig, al skryf hy gedigte wat soms tog so soetsappig klink. Haar vader leef net vir twee dinge in die wêreld. . . vir sy laboratorium waar hy met navorsingswerk besig is, en vir haar, sy dogter. Hy het slegs tyd vir hierdie twee dinge in sy lewe, en as iemand onsimpatiek staan teenoor sy wetenskaplike navorsing, dan is prof. Sias Hildebrand daardie persoon se vyand. Dit geld ook die man wat sy dogter van hom wil vervreemd. En tog is haar vader nie streng teenoor haar nie. Dit is net teenoor At wat hy



so streng optree. Die aanhoudende navorsingswerk put hom natuurlik ook uit. Dit is nou reeds twee jaar lank dat hy sy vrye tyd in die laboratorium deurbring voor sy skeikundige flesse en imponerende apparaat. Sy weet dat hy by uitstek 'n kernwetenskaplike is, 'n man wat in die natuurkundige magte van die heelal belang stel. Sy weet ook dat haar vader op die pasgestigte Atomraad van die Regering sitting het, maar dit is al wat sy weet, en hulle praat nooit oor sy uitvindings nie. Inteendeel, haar vader hou nie daarvan om daaroor te praat nie.

Sy soek die nommer van die hotel haastig in die telefoonboek op en dan skakel sy. Iemand gee aan die ander kant antwoord en sy vra om met mnr. At Wagner te praat. Sy wag lank voordat iemand weer antwoord.

,,Hier bly geen At Wagner nie," kom die kelner se antwoord.

Vir 'n oomblik is sy skoon uit die veld geslaan, maar dan vra sy:

,,Het jy in die kroeg gevra en in die sitkamer? Miskien is hy van plan om nog akkommodasie te vra."

Die eienaar van die stem verdwyn weer en andermaal kom hy terug met die versekering:

,,Mnr . Wagner is gewis nie in die hotel nie."

Sy bedank die kelner en dan verskyn daar 'n frons op haar voorhoof. 'n Oomblik gelede het hy dan vertel dat hy van die hotel af praat. Hoe op aarde kan mens dit nou verstaan? Sy verlaat die studeervertrek en tref haar vader in die sitkamer aan.

,,As jy gereed is, kan jy my universiteit toe neem. My motor sal môre darem seker in orde wees. Hulle vat deesdae te lank om die motor in orde te bring. Ek sal maar 'n ander een moet koop. Hoe loop jou Volkswagen nog, Hartlam?"

Maar Hantie het aan iets anders staan en dink. ,,Ekskuus, Pa?"

Hy kyk haar ondersoekend aan.

,,Ek het gevra of jou blik goed loop?"

,,Hy loop goed, Pappie. Ek pas hom op. Hy staan voor die agterdeur. Hoe laat moet Pa daar wees?"

,,Halfagt, of 'n paar minute voor die tyd."

Hulle gaan by die agterdeur uit en klim in die motor. Hulle ry by die hekkie uit en in die rigting van die universiteit. Sy moet haar ligte aanslaan. Daar is nie baie verkeer op die pad nie.

Sy verbreek die stilte die eerste.

,,Hoe vorder dit met Pappie se projek? Ek vra nooit daarna nie, want dit lyk of Pa besig is met iets. . . iets geheimsinnigs...'' lag sy. Sy hoop haar vader gaan haar nie verder uitvra oor At nie. Hy sal haar verbied om te gaan as hy weet dat sy hom nie by die hotel in die hande kon kry nie.

Hy kyk haar skuins aan.

,,Dit vorder uitstekend. Natuurlik weet jy dat dit in verband staan met atoomenergie, maar verder kan ek niks sê nie. Dit is buitendien te ingewikkeld. Dit is genoeg vir jou om te weet dat die Regering R40,000 beskikbaar gestel het vir verdere navorsing. Jy kan egter weet dat die projek voltooi is, heeltemal voltooi is, en wanneer die bevindings vir publikasie vrygestel word, sal dit wêreldnuus uitmaak. Dit sal die uitvinding van hierdie eeu wees, al moet ek dit self sê.''

Vir 'n oomblik het ook sy vir At vergeet.

,,Hoe wonderlik, Pappie! En om te dink dat dit my eie professor is wat die uitvinding gedoen het!''

,,Natuurlik, indien die Atoomraad besluit dat die uitvinding, of ontdekking liewer, vir publikasie vrygestel moet word, sal dit natuurlik geen wetenskaplike detail bevat nie.''

,,Hoe nuuskierig maak Pappie my nou!''

Hy kyk hier van die skuinste af na sy dogter agter die stuurwiel en 'n innige teerheid wel in hom op.

,,Miskien sal ek jou vanaand of môre alles vertel, nog voordat die koerante dit publiseer.''

,,Dit sal wonderlik wees, Pappie.''

,,Jy verstaan seker nou gedeeltelik waarom ek slegs die betroubaarste mense as assistente kon gebruik. Dit is in hierdie opsig dat At Wagner skromelik gefaal het. Destyds het hy al ander studente in die kroeg van ons projek vertel. Ek is bly dat ek ontslae van hom is as assistent in die laboratorium en ek sal bly wees as hy vir goed uit jou lewe gaan.''

,,Moet tog asseblief nie weer oor At uitwei nie, Vader. Ek is nie dolverlief op hom nie. Ek hou net van hom.''



Hulle ry by die universiteitshek in en sy laai haar vader af.

,,Ek sal om elfuur tuis wees, Hantie. Ek ry sommer saam met dokter Robeck.''

,,Ek sal sorg dat daar warm tee is, Vader.''

Sy draai weer vinnig by die hek uit. Haar vader neem natuurlik aan dat At na die huis toe kom. Sy is bly dat hy nie uitdruklik gevra het of hy kom nie. Nou het sy genoeg tyd om na die hotel te ry. Dit is ongeveer 25 kilometer van hier af. At is maar seker daar in die omgewing. Die kelners is te lui om bietjie moeite te doen. Sy sal lank voor elfuur al weer terug wees. Haar vader hoef nie eens te weet dat sy gegaan het nie.

Hantie ry vinnig in die straat by hulle ruim woning verby. Sy is later op die oop pad en haar motortjie snork tussen die berge deur. Selfs hier op die hoofpad is die motors glad nie besig nie. Af en toe val die skerp ligte van 'n aankomende motor in haar oë. Daar waai 'n koel bries wat dit aangenaam maak om hier in die ope te ry. Langs die pad sien sy liggies in klein huisies en hoor sy die luide geroep van kwaaddoenerklonkies. Sy geniet die rit. Sy wonder nie meer of At daar sal wees nie. Sy gee nie meer om of sy hom wel gaan sien nie. As hy nie op die afgespreke plek is nie, dan draai sy maar net weer om en gaan lê en lees in die sitkamer.

Sy haal die motor voor haar in. Haar ligte val vol op die insittendes in die motor. Sy onderskei die silhoeët van twee verliefde mense, want hulle sit styf teenaan mekaar en dit lyk asof albei se hande op die stuurwiel rus. Hoe verspot, dink Hantie, kan verliefdheid nie soms wees nie! Sy gaan by die motor verby en nou ry sy vinnig teen 'n afdraand af. Sy kan reeds die brug oor die Kliprivier in die strale van die motorligte sien. Sy ry stadiger en ongeveer tien tree van die brug af draai sy half uit die pad en hou dan stil. Sy skakel die motorligte af. 'n Motor swiep by haar verby. Sy volg die ligte van die voertuig en kan die relings op die brug duidelik sien. Op daardie oomblik sien sy ook die man op die brug. Sy weet dadelik dat dit At is. Hy kom vinnig in haar rigting. Dit is asof hy skielik agtergekom het dat sy reeds op hom wag. Hy hardloop ente. Hy is sonder 'n hoed en die wind waai sy hare deurmekaar.

Ineens lyk dit vir haar snaaks dat hulle mekaar hier moet

ontmoet. . . hier in die donkerte op die brug terwyl die hotel maar 'n paar tree verder staan. Sy raak ineens onrustig. Haar hand beweeg vorentoe en sy skakel die ligte aan. Dit val vol op At en hy deins terug, bring sy hande werktuiglik na sy oë.

In die lig van haar motor sien sy nou die ander motor wat heeltemal in die veld langs die spruit staan. Natuurlik seker maar die een of ander verliefde paartjie wat daarvan hou om mekaar se handjies in die veld te hou.

,,Skakel af jou ligte, Meisie!'' skree At hier by haar en sy doen dit dadelik.

In 'n oomblik is hy langs die motor en ruk die deur oop. Hy sak langs haar neer en uit-asem sê hy weer: ,,Jou ligte verblind my heeltemal. . .''

'n Motor swiep by hulle verby en weer sien Hantie die motor in die veld, vlak langs die oewer van die spruit.

,,Hoekom so uitasem, At? Vir wie hardloop jy weg?''

Sy is bewus daarvan dat hy haar vinnig aankyk.

,,Wat bedoel jy? Ek hardloop vir niemand weg nie. Jy kan maar ry.''

Sy skakel die motor aan, dan die ligte en kom in beweging.

,,Waaroor moes ons hier ontmoet. . . hier op die brug, At? Wat makeer die sitkamer van die hotel?''

,,Ek. . . ek het nie daaraan gedink nie. So gewoond daaraan om jou in donker hoekies te ontmoet. Ry by die hotel verby. . . gaan aan met hierdie pad,'' beduie hy vinnig toe hulle oor die brug is en die vonkelende gekleurde liggies van die hotel voor hulle verskyn.

,,Waar wil jy heengaan, At? Ek het nie baie tyd nie.''

Hy skuif nader na haar toe.

,,Hoe lyk dit of jy vanaand onwillig na my toe gekom het, Hantie?''

Sy beantwoord sy vraag nie dadelik nie, kyk by die venster uit toe hulle by die besige hotel verbyswiep. Sy draai die spieëltjie voor haar van haar oë af weg, want die skerp ligte van 'n motor agter haar verblind haar effens.

,,Ek het amper nie gekom nie. Ek het hierheen gebel, maar hulle ken nie so 'n man soos At Wagner nie.''

,,Hulle is laf. Ek het vanmiddag my rekening betaal. Seker daaruit dat hulle my nie in die register kon vind nie. Maar. . . maar hoekom het jy amper nie gekom nie?''



,,Dit was teen Pappie se sin. Hy het gesê dat as jy wil groet, jy daarheen kan kom.''

In die donkerte kan sy nie sien hoe dat hy op sy tande kners nie.

,,Pappie! Pappie! Nou ewe skielik nooi hy my huis toe. Jy sal my vergewe as ek sê dat ek geen groot liefde vir jou vader koester nie.''

,,Ek weet dit. Pappie het ook geen liefde vir jou nie. En ek begin insien dat dit beter sal wees as ons hierdie verhouding verbreek, At. Dit verniel ons net. Vroeër het ek kans gesien om daarmee voort te gaan, maar nie nou meer nie.''

Hy plaas sy hand op haar skouer.

,,Ja, snaaks, ek het ook gedink dit is beter. Jy is te veel op jou Pappa gefikseerd en hy het 'n te groot invloed op jou, Hantie. Daarom wil ek hê dat jy my net hierdie aand behaag.''

Die motortjie snor teen 'n lang opdraand uit.

,,Ek kan nie te ver gaan nie. Ek moet om elfuur weer by die huis wees. Pappie weet nie eens dat ek hier is nie.''

Hy kyk vinnig op sy polshorlosie.

,,Aag, daar is baie tyd. Dit is nou eers agtuur. Ons ry tot in Vereeniging na die hotel op die oewers van die Vaalrivier.''

Sy laat haar voet liggies op die petrolpedaal rus en verminder snelheid.

,,Volstrek nie, At. Ek gaan nie so ver nie. Jy tree vanaand eienaardig op. Eers ontmoet ons soos derderangse mense op 'n brug in die donker en wag jy soos 'n misdadiger in donker hoekies vir my en nou moet ons juis weer so ver ry. As jy by 'n hotel wil wees kom ons draai dan om na die een hier by ons.''

Sy bring die motor langs die pad tot stilstand. 'n Motor toet aanhoudend agter hulle en swaai met 'n vaart uit om hulle met enkele duime te mis. Die insittendes in die verbygaande motor skree gebelgd op haar.

,,Waar kom jy vandaan, Miesies.''

Dan ry hulle voort teen 'n skeurende vaart.

,,Moenie laf wees nie, Hantie. Die persoon met wie ek saam na Lourenco Marques vertrek, is daar tuis. Ek sal graag wil hê jy moet hom ontmoet.''